**HOE VEG EK TEEN DIE DUIWEL?**

Deurmiddel van die geskrewe woord van God

Efes.6:17 ...die swaard van die Gees – dit is die woord van God

Ons moet verstaan dat wedergeborenes is die liggaam van Christus

Matt.28:18 ....aan My is gegee, alle mag in die hemel en op die aarde.

Ons is deel van Hom, daarom werk dieselfde kragte in ons;

1 Kor. 12: 27

Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

Rom. 12: 5

So is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

Efes.1: 18 – 23

Lees voor uit bybel.

Kol.2:9 en 10

Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.

10. en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag.

Hierdie was net om aan u te toon wie en wat ons is in Christus, sodat ons met vrymoedigheid die vyand kan aanvat met die swaard van die Gees.

Markus 13:34

Dit is soos ‘n man wat op ‘n ver reis is, wat sy huis agterlaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak.

Weet en besef ons werklik wat **volmag** beteken?

Jesus in sy vleeslike liggaam, kon net op een plek per geleentheid wees, maar nou deur Sy liggaam, is Hy oral waar gelowige en gehoorsames is!!

Wat dan?

2 Kor.10:3 – 6

3. Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie.

4. want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,

5. terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus,

6. en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.

Luks 10:19

Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

Jak.4:7

Onderwerp julle aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Hoe sal ons die duiwel weerstaan?

Mark.11:23

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê, sal gebeur- hy sal verkry net wat hy sê.

Daar is die antwoord. Ons weet nou wie ons is in Christus, ons weet nou watse gesag ons het in Hom! Stel daardie kragte vry deur in geloof te praat.

Matt.18:18

Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alls wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

Kom ons vat die duiwel aan met die krag en gesag wat ons in Christus het!!